
BROOD
vir die nuwe normaal
EKSODUS 16:1-15



- Die wandelroetes moet wyer gemaak word sodat mense hande kan vashou terwyl hulle stap;
- Roetes moet herontwerp word.  Vermy asb. paadjies teen steiltes uit.
- Daar is te veel goggas, veral spinnekoppe en spinnewebbe. Roei asb. hierdie peste uit.
- Plavei asb. die wandelroetes sodat mense makliker kan stap en sneeu in die winter met sneeuploeë verwyder kan word.
- Installeer sitbankies op hyskrane op strategiese punte, sodat mense die wonderlike uitsig kan geniet sonder om soontoe te moet loop.

- Jakkalse het laasnag te veel geraas gemaak en my wakker gehou.  Raak asb. van dié aanstootlike diere ontslae.
- Roltrappe moet op die steil gedeeltes van die wandelroetes geïnstalleer word.
- ’n McDonald’s aan die einde van die langer staproetes sal wonderlik wees.
- Daar is te veel rotse in die berge.  Maak dit asb. minder.

# *Hoe styf hou jy vas aan jou*
# GEMAKSONE?



1 Nadat hulle Elim verlaat het, het die hele volk Israel in die
Sinwoestyn aangekom wat tussen Elim en Sinai lê. Dit was op
die vyftiende van die tweede maand nadat hulle uit Egipte
getrek het. 2 In die woestyn het die hele volk hulle teenoor
Moses en Aäron begin verset 3 en gesê: "As ons maar liewer
in Egipte omgekom het deur die hand van die Here terwyl
ons by die vleispotte kon sit en oorgenoeg kos kon hê om te
eet! Nou het julle ons laat wegtrek tot in hierdie woestyn om
die hele volk van honger te laat omkom."

*Eksodus 16:1-5*

4 Toe het die Here vir Moses gesê: "Let nou mooi op. Ek sal
elke keer vir julle kos uit die hemel laat reën. Dan moet die
volk elke dag gaan en dié dag se voorraad optel. So sal Ek
toets of hulle my opdrag wil nakom of nie. 5 As hulle op die
sesde dag voorberei wat hulle ingebring het, moet dit dubbel
soveel wees as wat hulle elke dag optel."
6 Toe sê Moses en Aäron vir al die Israeliete: "Vanaand sal
julle besef dat dit die Here is wat julle uit Egipte bevry het,
7 en môreoggend sal julle sien hoe magtig die Here is.

Eksodus 16:1-15

Hy het gehoor dat julle julle teen Hóm verset. Dat julle julle
teen óns verset, is niks nie."
8 Verder het Moses gesê: "As die Here vanaand vir julle vleis
gee en môreoggend oorgenoeg kos om te eet, sal julle
besef Hy het julle verset teen Hom opgemerk. Dit was nie
teen ons nie, maar teen die Here dat julle julle verset het."
9 Moses het toe vir Aäron gesê: "Beveel die hele gemeente
van Israel om voor die Here te kom staan, want Hy het hulle
verset opgemerk."

Eksodus 16:1-15

10Nadat Aäron dit vir hulle gesê het, kyk die Israeliete na die
woestyn se kant toe om, en toe word die magtige
teenwoordigheid van die Here sigbaar in die wolk.
11Die Here sê toe vir Moses: 12"Ek het die verset van die
Israeliete opgemerk. Sê vir hulle: Teen skemeraand sal julle
vleis eet en teen môreoggend sal julle oorgenoeg kos hê
sodat julle kan besef dat Ek die Here julle God is."
13Teen die aand se kant het daar kwartels aangevlieg gekom
en hulle het die hele kamp vol gesit.

Eksodus 16:1-15

Die volgende oggend was daar 'n wolk rondom die
kamp, 14en toe die wolk wegtrek, was die woestyn
oortrek met fyn vlokkies soos ryp. 15Toe die Israeliete
dit sien, sê hulle vir mekaar: "Wat is dit dié?" want
hulle het nie geweet wat dit is nie. Toe sê Moses vir
hulle: "Dit is die brood wat die Here vir julle gee om te
eet.

Eksodus 16:1-15

# Brood vir die nuwe normaal

- *Gis* - GROEI verby jou gemaksone




"As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself
verloën, sy kruis opneem en My volg, 25want wie sy
lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter
wille van My verloor, sal dit terugkry. 26Wat sal dit 'n
mens help as hy die hele wêreld as wins verkry
maar sy lewe verloor, of wat sal 'n mens gee in ruil
vir sy lewe?"
Matteus 16:24-26

# Brood vir die nuwe normaal

- *Gis* - GROEI verby jou gemaksone
- *Hitte* - LEER uit die woestyntye



Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons
weet: swaarkry kweek volharding, [4]en volharding
kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof
kweek hoop; [5]en dié hoop beskaam nie, want God
het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige
Gees wat Hy aan ons gegee het.



*Romeine* 5:3-5

# Brood vir die nuwe normaal

- *Gis* - GROEI verby jou gemaksone
- *Hitte* - LEER uit die woestyntye
- *Water* - VERTROU volkome op God


"Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel."
Matteus 5:3

28 En wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei
die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie.
29 Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie
geklee soos een van hulle nie. 30 As God dan die gras van
die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word,
so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie,
julle kleingelowiges?

Matteus 6:28-30



# Brood vir die nuwe normaal

- *Gis* - GROEI verby jou gemaksone
- *Hitte* - LEER uit die woestyntye
- *Water* - VERTROU volkome op God
- *Meel* - HONGER vir sy Woord

Hy het jou laat swaarkry, laat honger ly en toe met manna gevoed, iets waarmee nóg jy nóg jou voorvaders bekend was. Hy het dit gedoen om jou te leer dat 'n mens nie net van brood leef nie, maar dat hy leef van elke woord wat uit die mond van God kom.



Deuteronomium 8:3

# Brood vir die nuwe normaal

- Gis - GROEI verby jou gemaksone
- Hitte - LEER uit die woestyntye
- Water - VERTROU volkome op God
- Meel - HONGER vir sy Woord
- Sout - PROE dat HY God is!


BROOD
vir die nuwe normaal
EKSODUS 16:1-15